

# **Riglyne vir motoriste** wat deur metropolisie afgetrek word

(NB: Hierdie riglyne geld nie vir padblokkades nie!)

## MOTORISTE SE REGTE

Dit is bykans onmoontlik om 'n stap-vir-stap-riglyn vir motoriste op te stel. Die riglyne hier onder fokus veral op gevalle waar motoriste alleen – dus sonder getuies – en veral in nagtelike ure deur metropolisiebeamptes gekonfronteer word. Dit is belangrik om te onthou dat wettige opdragte van die polisie in die bona fide-uitvoering van hul pligte nagekom moet word.

Meld enige ongerymdhede met betrekking tot beamptes se gedrag op AfriForum se webwerf by **www.afriforum.co.za/aksies-en-petisies/** aan.
Meld ook die TMPD se wangedrag by die departement se wangedragblitslyn by 082 891 8025 aan.

## WAT MOET JY DOEN AS JY AFGETREK WORD?

**Indien jy afgetrek word, mag die beampte jou slegs deursoek en/of op 'n item beslag lê indien:**

1. die verkeerspolisie 'n redelike vermoede het dat jy 'n misdryf gepleeg het en op redelike gronde dink dat 'n arrestasielasbrief tot die effek aan hulle uitgereik sal word indien hulle vir só 'n lasbrief sou aansoek doen; of
2. as die verkeerspolisie in besit is van 'n arrestasielasbrief wat tot dié effek uitgereik is.

Jy kan wel toestemming verleen dat jy deursoek mag word.
As jy ingevolge 'n lasbrief gearresteer word, moet die oorspronklike lasbrief aan jou getoon word. Jy is ook op 'n latere stadium geregtig op 'n afskrif van dié lasbrief.
Indien daar op van jou eiendom beslag gelê word, is jy op 'n beslagleggingsbewys geregtig.
Hou in gedagte dat beamptes die nodige geweld mag gebruik om jou te deursoek indien jy jou teen wettige deursoeking verset.

## ALKOHOL

Geen bestuurder van 'n voertuig mag weier dat bloed- of asemmonsters deur metrobeamptes geneem word nie. As jy weier, mag die beampte die nodige geweld gebruik om dié monster te bekom. Die beampte sal versoek dat jy in 'n blaasmasjien blaas. Dié blaasmasjien se mondstuk mag nie voorheen gebruik wees nie en moet voor jou uit die geseëlde verpakking gehaal word. Indien die masjien aandui dat jy moontlik onder die invloed van alkohol is, sal die beampte jou arresteer en na die naaste distrikgeneesheer neem. Hier sal 'n bloedmonster geneem word om te bepaal of daar meer as die toegelate alkoholvlak in jou bloed is. Nadat jy gearresteer is, mag jy nie weier dat 'n bloedmonster geneem word nie. Die beamptes mag die nodige geweld gebruik, byvoorbeeld om jou vas te druk om die geneesheer in staat te stel om die bloedmonster te neem. Dit is baie belangrik om sorgvuldig te let op die tyd waarop jy getoets is en die tyd wanneer die bloedmonster geneem word.

## VERKEERSOORTREDINGS

**Wanneer jy 'n verkeersoortreding begaan, mag die beampte stappe doen om toe te sien dat verkeerswetgewing afgedwing word deur die volgende te doen:**

1. Die beampte kan 'n dagvaarding uitreik met 'n datum waarop jy in die hof moet verskyn om op die klag teen jou te antwoord. In die meeste gevalle sal jy die geleentheid gegun word om 'n boete te betaal om dié hofverskyning te vermy. Die bedrag van die boete asook die datum waarop en plek waar betaling moet geskied, word op die boete aangedui.
2. Die beampte kan jou van enige uitstaande boetes teen jou inlig en kan ook enige uitstaande lasbriewe uitvoer en jou arresteer. Die arrestasie geskied dan ingevolge 'n lasbrief vir minagting van die hof wat deur 'n hof gemagtig is. Dié lasbrief moet 'n hofstempel bevat. Jy moet alle dagvaardings met 'n datum van 'n hofverskyning eerbiedig.
3. Indien jou voertuig nie padwaardig is nie, kan die beampte weier dat jy verder met die voertuig ry.

## ARRESTASIE

**'n Metropolisiebeampte mag jou slegs sonder 'n lasbrief arresteer as:**

1. jy in die beamptes se teenwoordigheid 'n misdryf pleeg of poog om dit te pleeg;
2. die beamptes redelikerwys vermoed dat jy 'n bylaag 1-misdryf[1] (soos bepaal deur die Strafproseswet 51 van 1977) gepleeg het;
3. jy uit wettige bewaring ontsnap het of poog om daaruit te ontsnap;
4. jy in besit is van enigiets wat die beampte vermoed gesteelde goedere is; of
5. jy die beamptes opsetlik in die uitvoering van hul plig belemmer.

Nadat jy gearresteer is, moet jou regte aan jou verduidelik word. (Neem kennis daarvan, indien dit nie gedoen word nie.) Indien jy na bewering gearresteer word omdat daar 'n lasbrief vir jou arrestasie is, het jy die reg om te vra vir 'n afskrif van die lasbrief. (Neem kennis daarvan indien dit nie gedoen word nie.) Jy mag nie aangehou word terwyl iemand die lasbrief gaan haal nie – jy is dan steeds vry om oproepe te maak en regshulp in te win.

## HOE BEHOORT 'N MOTORIS NIE OP TE TREE NIE?

- **Moenie omkoopgeld betaal nie!** Dit is korrupsie.
- Moenie op die beamptes skree nie.
- Vermy enige arrogansie en konfrontasie, en moenie 'n argument uitlok nie.
- Moenie die beamptes voorskryf hoe om hul werk te doen nie.
- Moenie die beamptes fisies belemmer om hul plig uit te voer nie, byvoorbeeld deur die kamera in hul gesig te druk.
- Moet geen "boetes" daar en dan betaal nie, al vereis die beampte dit. AfriForum moedig die publiek aan om op 'n amptelike platform te registreer sodat jy ingelig is oor enige uitstaande boetes.
- MOET arrestasie egter NOOIT teenstaan nie. Die beampte mag geweld gebruik om jou op 'n wettig wyse te arresteer.
- Indien die beampte besluit om jou te arresteer, gee jou samewerking. As jy jouself teësit, kan dit die beampte oorhaal om aggressief teenoor jou en jou passasiers op te tree. Indien die arrestasie onregmatig is, kan jy later 'n eis teen die owerheid indien.

## HOE BEHOORT 'N MOTORIS OP TE TREE?

***Algemeen:***

» Metropolisiebeamptes in uniform en/of wat hulself behoorlik identifiseer het die reg om enige voertuig te eniger tyd te stop as deel van die uitvoering van hul pligte.
» Indien dit met jou gebeur, moet jy, indien so versoek, jou naam en adres en enige ander inligting met betrekking tot jou identiteit verskaf. Dit is 'n oortreding as jy dit nié doen nie, en jy kan aangehou word om jou identiteit te bevestig.
» Jy het die reg om die beamptes te versoek om hulself ook te identifiseer deur 'n aanstellingsertifikaat aan jou te toon – indien die beampte weier, kan alle verdere optrede teen jou moontlik onregmatig wees.
» Die beampte het die reg om jou bestuurslisensie te versoek en na te gaan.

***Praktiese wenke***

» Vra spesifiek vrae indien daar op jou regte inbreuk gemaak word, byvoorbeeld: "Waarom deursoek jy my? Wat het ek verkeerd gedoen?"
» Die gesprek tussen jou en die beampte moet sover moontlik gemoniteer word. Jy het 'n reg om enige gesprek op te neem waartoe jy 'n party is. Geen beampte het die reg om op jou selfoon of kamera beslag te lê bloot omdat jy die gesprek opneem nie. As daar meer mense betrokke is, moet almal, die gesprek opneem indien moontlik.
» Verkry soveel inligting as wat jy kan en skryf dit neer as jy dit nie op jou foon kan vaslê nie.
» Bly kalm.
» Probeer sover moontlik om naby 'n openbare plek af te trek, byvoorbeeld 'n vulstasie of die naaste polisiekantoor, indien enigsins moontlik. Vermy egter dat die beampte die afleiding kan maak dat jy vlug:
  - Skakel die dakliggie aan.
  - Aktiveer jou motor se gevaarligte.
  - Gehoorsaam alle verkeersreëls.
  - Maak dit, indien moontlik, duidelik dat jy van voorneme is om te stop.

» Wees beleefd en vriendelik met die beamptes.
» Indien die beampte beweer dat daar uitstaande boetes is, mag jy 'n skriftelike (uitgedrukte) bewys van die besonderhede van dié boete versoek en die beamptes vriendelik versoek om die nodige aandag daaraan te skenk.
» As jy bekommerd raak oor die situasie, bel onmiddellik iemand wat jy kan vertrou en aan wie jy kan verduidelik wat aangaan, al is dit lopende kommentaar.

*Hierdie blitsgids bied slegs wenke en moenie met regsadvies verwar word nie. AfriForum kan nie aanspreeklik gehou word vir enige nadelige gevolge wat uit die volg van hierdie wenke mag spruit nie.

[1] Bylae 1-misdrywe sluit in:
- moord;
- opsetlike saakbeskadiging; en
- brandstigting.